# oor wortelkoek en rissies, 'n woordfees en resensies

Dr FRANCOIS VERSTER
**Korrespondent**

Die Stellenbosse Woordfees (van 2009) was weereens 'n ondervinding waarvan mens meer sou wou meemaak. Maar die program was te vol; ryk en lekker met tekstuur soos 'n wortelkoek - jy voel versadig en verbeel jou jy kan beter sien daarna, ook in die duisternis waar die lewe se diep dinge draai. Maar ai, soveel dinge, te min tyd. Ook kan mens beswaarlik alles bekostig, al was die items baie billik geprys. Ek mis toe die een wat ek die graagste wou bywoon, naamlik oor Audrey Blignault by die Gericke Biblioteek - waar Hennie Aucamp ook opgetree het. Ek wou graag die oukêrel sien, siende dat ek so na hom opsien . . . sien?


Nietemin, die menigte literêre lekkernye is verwarrend: ek het my datums deurmekaargemengel en kom dit eers 'n week later agter. Word toe boonop na Antjie Krog en Tom Lanoye se gesprek uitgenooi deur NB-Uitgewers, maar moes 'n onderhoud met Riana Scheepers en Suzette Kotzé-Myburgh, samestellers van die **Nuwe Kinderverseboek**, gaan voer - wat reeds in **Kaapse Bibliotekaris** Maart/April 2009, p. 12 verskyn het. En so aan en so voorts; een dolle week - ek het meer uitgesien na die naweek as 'n koalabeer na 'n bottel water!

Uiteindelik kom ek toe by een 'Gesprekvoering' uit. Oor resensies. In die Ou Hoofgebou. Dit bly maar 'n mooi, hoewel intimiderende gebou. Maar op 'n waardige manier. Waardig om statig genoem te word. Mense kom en gaan stadig in en uit die tuinhek, soos by 'n amptelike prosessie. Ek neem my tassie met skryfgoedjies en stap oor Van Ryneveldstraat. So waardig as ek kan.

> egoïsme is so sterk teenwoordig as testosteroon in 'n rugby-kleedkamer'...

Hier het ek as student van my heel eerste lesings bygewoon - ek meen dit was Geskiedenis, en dit was 29 jaar gelede! Dit voel lank terug as jy daar sit, maar tog nie soos amper drie dekades nie. Met die aankom sien ek nog bekende gesigte - mense uit die joernalistieke sfeer, akademici, 'n paar skrywers/digters. Die publiek wat oral ronddwaal loer ook skalks rond en fluister onder mekaar - sommige weet wie dié en dáái is. En probeer uitwerk waar die res inpas in die pikorde, terwyl die bekendes/beroemdes/berugtes seker ook wonder wie al die plebs is. En of enige van hulle dalk daar is om die kalklig te steel. Egoïsme is so sterk teenwoordig as testosteroon in 'n rugby-kleedkamer; jy kan dit ruik; mosserig-suur ten spyte van die deodorante en parfuums (wat deesdae ewe duur is).

Ek betaal my R30 en gaan sit. Ek wil nie té voor sit nie, maar darem; ek wil alles hoor en sien - hierdie uur sal immers iewers weergegee word op papier. Die fasiliteerder is Heilna du Plooy, 'n akademikus/skrywer, wat praat met nog 'n akademikus, Ronel Foster en ook Danie Marais en Gerrit Brand, wat albei betrokke is by resensiewerk (onder andere) oor 'wie mag resenseer' (hierop sink ek dieper in my sitplek weg), 'wat is die doel van resensies' (*pray tell!*) en dies meer. Danie en Gerrit praat versigtig, maar ook logies en onbevooroordeeld, smaak dit my, en Heilna doen haar taak goed deur dinge nie te oorheers nie, maar glad te laat vloei. Ronel maak sin toe sy sê die resensie is die ontmoetingsplek tussen die skrywer en die leser - so word gesprekvoering gefasiliteer. Uiteraard ook net as die lesers briewe skryf en dit nie oorlaat aan die literatore om dalk 'n bekgeveg te begin nie. Ek wag juis dat Joan Hambidge moer ruk en terugkap op die resensie van haar nuutste **Vuurwiel** wat in *Rapport* verskyn het! Maar my gedagtes dwaal alweer soos destyds hier toe ek oor rugby en doedies gedroom het.




Danie meen resensies is nie absolute oordele nie, moet binne konteks gedoen word en resensente moenie simpel stellings maak soos 'Dít is nie poësie nie'. Skrywers moet iets kan put uit resensies; dat dit 'n opsomming is van die boek, 'n interpretasie daarvan. Ek hoop so wragtigwaar dis meer as net 'n opsomming. En ek dink met wrewel terug aan die resensent wat 'n boek afgeskiet het 'omdat die illustrasies te klein was en hy kwaad was vir die uitgewer'. Ek het nietemin sy boek sowat drie jaar later geresenseer en dit dalk te veel geprys . . . ja, mens kry soms kans vir wraak, maar neem jy dit nie, is jy eintlik die wenner. Uiteindelik gaan dit steeds daaroor dat die publiek moet lees, lees, lees. En bring maar die botter - in my mondjie sal dit nie smelt nie. Dis reeds vol jêm.

Inderdaad kry mens resensente wat nie veel weet van die onderwerp waaroor hulle heel breedsprakig uitwei nie - ek hou dit egter nie teen hulle nie, want ek is soms ook maar op dun-dun ys - een vriendin was onwillig om 'n boek van haar persoonlike skryfgod aan my te leen en het juis vir Antie Joan as afskrikmiddel probeer gebruik, maar ek het deurgedruk: my joernalistiekdosent het gesê mens sê nooit nee vir 'n joppie nie, en ek dink ek het dáár nie te sleg gevaar nie. Maar. Dán . . . is daar diegene wat as vakkundiges hulle vakkundigheid (vak-kin díg-heid) moet bewys deur aan jou (onnodiglik snedigl ik) te vertel wat jy eintlik moes gedoen het, maar uiteindelik te ver gaan en wys dat hulle nie die boek gelees het nie, aangesien dít wat hulle oor kla in die voorwoord verduidelik word! En so kan mens aangaan; dis ongelukkig heel algemeen - Danie merk tereg op dat baie skrywers beweer hulle lees nie resensies nie, maar tog bloei hulle elke keer as hulle gekap word. Daarom, sê hy, dáárom sal hy nie sommer kritiek uitspreek as hy dit kan vermy nie en ek is só op dieselfde bladsy daar, Danie my maat!

Gelukkig kry mens dit ook dat wanneer iemand iets goed oor jou geskryf het, jou onnodiglik/ongoddelik gevlei het en op 'n dag kry jy dalk een van die persoon se werke om te resenseer en dan moet jý versigtig wees om nie te gemoedelik te raak nie. Nie dat jy sal lieg nie; dit gaan oor stemming en invalshoek en empatie. Maar jou gewete sit altyd op jou skouer. Helaas nie by almal nie, want mens kry wel die ander, laakbare uiterste: die vermelde joernalistiekdosent (onthou, dis 'n joppie) het vertel dat hy gevra is om sy grootste vyand se boek te resenseer. En hy het soos 'n *Vlad the Impaler* gelyk terwyl drieduisend nuwe pale voor sy kasteel afgelaai word toe hy dit aan ons vertel. Gerrit noem toe ook dat dit nie die beste ding is om skrywers se vyande óf vriende te vra om hulle boeke te resenseer nie. Ook met jóú is ek, Gerrit; juistemint!

Een van die sprekers beweer dat die literêre wêreld in Suid-Afrika baie klein is en mens gedurig in mekaar vasloop, letterlik ook, en daarom is vyande maak net so gevaarlik as om te vriendelik te wees. Maar dis feitlik onmoontlik om soos 'n sfinks op 'n berg kop-in-die-wolke te sit. Joernalistieke integriteit, oftewel objektiwiteit - al glo sommiges deesdae dit is 'n mite - is al waarop mens jou

kan verlaat. As daar nie iets soos realisme en eerlikheid is nie, wat is die punt van enigiets? Dan verval mens in 'n vergeetput van agterdog en uiteindelik immoraliteit. Ek sê 'vergeetput', want soos die adellikes van ouds hul vyande in sulke putte gegooi het om van vergeet te word, so sal ons vergeetbare, vliesdun verse en prosa skribbel as alles voor die voet opgehemel word - kwaliteit sal onnodig raak, want alles is tog fraai (dalk 'n gevaar van *blogs* en dies meer) of elkeen wat leef en (veral) beef sal te bang wees om gestriem te word en dus veilig en vaal skryf.

Resensente, met hulle foute en fratte en al, is noodsaaklik, nes die onnies van ouds ook soms onregverdig die roede ingelê het, maar raai, ons geslag kan nog lees en selfs bietjie spel ook. Glo my, in my dae as onderwyser het ek kritiek verduur omdat ek nie streng genoeg was nie, so hot en haar slaan is nie wat ek voorstel nie; ook nie wat resensies betref nie, maar kritiek, regverdige en omsigtige menings is essensieel om riglyne te bied. Al lees ook net 'n handjievol mense die resensies. En dit sluit die skrywers in, al ontken hulle dit verbete!

Gerrit meen dat al stem die boekeredakteur nie saam met die resensent se mening nie, behalwe in ekstreme gevalle - dit kan rof raak onder in die skrum - moet resensente ruimte gegun word om hulle werk te doen. Interessant is dat daar blykbaar net vier Afrikaanse boekredakteurs in die land is - almal Naspers-gesante: *Die Burger, Beeld, Die Volksblad* en *Rapport*. Nuwe stemme is soms nodig - Gerrit sê hy vra, byvoorbeeld, sielkundiges om, wanneer toepaslik, boeke te resenseer, juis ter wille van vars insigte. Ook wil jy nie hê dat daar korporatiewe lojaliteit in die pad van deursigtigheid staan, of die persepsie mag ontstaan (soos hier, met Naspers-werknemers) nie. Nuwe stemme dus; selfs alternatiéwe stemme: afwisseling, geskakeerdheid. Ook daarom moet Engelse boeke in Afrikaanse blaaie verskyn - ons het immers die voordeel dat ons minstens tweetalig kan lees. Die alternatief is isolasie, veral van idees, méér selfs as estetiese invloede. Ons kan nie net oor onsself skryf nie. Of oor onsself lees nie.

> resensente, met hulle foute en fratte en al, is noodsaaklik . . .

So, waaruit behoort 'n resensie te bestaan? Die sprekers reken dat dit inligting moet verskaf, analities moet wees, dat daar 'n emosionele komponent (wekroep?) moet wees en dat daar beslis kontekstualisering nodig is. Laasgenoemde is moeilik met beperkte skryfspasie, maar resensente kan hier hulle belesenheid uitstal - dié van hulle wat nie skrywers is nie, wil tog graag wees - vergelyk dus; met vorige werke deur die outeur of andere, bring die skrywer se milieu in die arena, stel die lesers voor aan die drake wat hy/sy moes verslaan. Gee, soos Langenhoven gevra het van ander skrywers, 'n kykie op die skrywer se lewe en karakter, want soos Neelsie is lesers nuuskierig oor met wie hulle te doen het. Net soos jy wil identifiseer met die hoofkarakter, so wil jy meer weet van die persoon wat soveel plesier aan jou gee. 'n Resensie is vir 'n leser 'n padkaart: gaan kyk hierna en daarna, maar ook vir 'n skrywer, want geen boek is perfek nie. Terug na die tekenbord/ lessenaar!

Uiteraard kan resensente knoei - is maar mense - en 'n werk onverdiend kanoniseer. Soos oraloor gebeur, blêr die trop saam as een of twee die noot ingesit het en min mense wil die eensame dro(o)gstem in die woestyn wees. En so drom diegene met min kreatiwiteit óf die vermoë tot 'n eie mening instinktief saam in 'n benoude laertjie en druk die 'moeilikheidmakers' uit; dik dye stampend, lang beesgevrete stug-swyend. Ja, dit word 'n magspel. Maar tog: kwaliteit kom meestal na die oppervlak terwyl die onwaardiges nooit leer swem nie, en sink - groot skeppings is met sweet geskep en met wroeging en met wrewel en met wrywing: ontelbare ure se skaaf en skuur. Nie nét van 'sitvlakke op stoele' nie, maar dít ook. Daarom sal goeie boeke gekelder word deur resensente, maar meestal tog iewers herontdek word (viva Indiana Jones, al dra jy 'n knypbrilletjie).

> 'n resensie is vir 'n leser 'n padkaart

Die vraag word geopper of skrywers mag reageer op 'n resensie. Stilte in die hof(saal). Ek is seker baie skrywers het al met dié een gewroeg! Gerrit antwoord dat dagbladredakteurs dit verwelkom, want dit stimuleer debat. Tóg dink hy 'n digter moenie sy gedigte verduidelik nie - hulle moet vir hulself spreek, anders het die digter misluk. Skrywers soos Etienne Leroux en Jan Rabie - ons dans liefs vernuftig rondom die kontemporêres hier, Liewe Leser - het wel grimmig reageer, maar miskien meestal op politiek-gemotiveerde onnoselhede. Dit bly maar 'n moeilike saak dié. Ek meen, dit ís so dat patriotisme die laaste toevlug van die skobbejak is. Veral as die skobbejak 'n politikus is. Maar nou val ons vas in sinonieme. . .

Laastens: lees mense regtig resensies? Miskien nie noodwendig die kopers nie, maar wel genoeg om dit te regverdig, sê Gerrit - om boeke te verkoop is nie die enigste doel van resensies nie. Resensies is ook leesstof (dis te hope) en dit ontlok gesprek. En ja, dit vorm tóg menings. Ten goede, al dan nie. Danie haal Wordsworth hieroor aan: 'What I will love, you will love, and I will show you how.'

Ek dryf saam met die ander sessiegangers uit die ou gebou op 'n murmering-/mymeringstroom - en dink: resensies is soos rissies - hoogs ontvlambaar. Maar dis soos die Engelse sê: 'It can spice things up.' Hemel weet, enigiets eerder tog as verveling! Vir resensente natuurlik, is dit spys en drank, vir lesers lei dit na verandering in spyse. Ons begin by Levinia en eindig by Vaselientjie.

En vir skrywers: as dit te warm raak, gee net pad - uit die kombuis!

*(Die) tyd is genadeloos*
*En (die) Genade tydloos.*